



LOOPKOSTE VAN LANDBOU IMPLEMENTE

Loopkoste van landbou implemente speel 'n baie belangrike rol in die berekening van meganisasië koste. Meganisasië beplanning kan dan ook optimaal gedoen word.

Die loopkoste van landbouimplemente word gewoonlik opgemaak uit die implement en die trekker gekombineerd. Die korrekte keuse van implement vir die spesifieke trekker grootte is dus belangrik. Trekkerloopkoste kan ook beïnvloed word deur die vraag wat getrek moet word, hoe groter die vraag is, hoe meer sal die brandstofverbruik ook wees.

Verder word loopkoste opgebreek in vastekoste en veranderlike koste. Vaste koste soos bv die aankoopkoste, depresiasie, en versekeringskoste. Die veranderlike koste kan insluit die herstel en onderhoudskoste en brandstofkoste. Die totale koste word weergegee in R/uur.

Wat eintlik van belang is, is die R/ha koste en dus moet die werktempo's van landbouwerktuie ook in berekening gebring word. Die werktempo's van nuwe generasie landbou werktuie kan verskil, en dus is dit belangrik om die implemente se werktempo's te toets op verskillende grond tipes. Die werktempo's van landbou werktuie sal weer afhang van die landdoeltreffendheid van verskillende bewerkings.

Om loopkoste te optimaliseer is dit belangrik om 'n omvattende meganisasië beplanning te doen van al die bewerkingsaksies op die plaas.

Daar is egter inligtingsbronne beskikbaar wat loopkoste van verskillende implemente en trekker groottes weergee.

Die LNR Landbou ingenieurswese beskik oor sagteware om die loopkoste van bewerkings te kan bereken asook om meganisasië beplanning te kan doen.

Kursusse word ook aangebied in meganisasië beplanning

Vir enige verdere inligting kan Dr Tingmin Yu of Johan van Biljon geskakel word by die LNR Instituut vir Landbou Ingenieurswese by tel nommer 012 842 4000